TRANSVALER 4/9/1959

# MODERATOR SÊ AFRIKANERS BEGEER DIE ONMOONTLIKE

**„ONS TYD IN SUID-AFRIKA word min. Ons moet mense van alle rasse opwek wat saam na ons gemeenskaplike bestemming in Afrika sal soek," het dr. F. E. O'B. Geldenhuys, moderator van die Noordelike Streeksinode van die N.G. Kerk in Transvaal, Woensdag in Caux, Switserland, gesê.**

Dr. Geldenhuys het die wêreldkonferensie van die Morele Herbewapeningsbeweging toegespreek. Op die konferensie is onder meer die leier van 17 Afrika-lande teenwoordig.

„Na 300 jaar se ondervinding van rasseverhoudinge — en nou praat ek van die Afrikaanse gedeelte van ons volk en veral die meer nasionale gedeelte, die mense wat tans in Suid-Afrika regeer — dink my mense werklik en opreg dat ons die beste weet wat reg is. Maar baie of die meeste van die Bantoebevolking is dit blykbaar nie met ons eens nie," het hy gesê.

**DIE ONMOONTLIKE**

„Dit het vir my baie duidelik geword dat selfs al het ons die regte antwoord, geen idee wat nie ook die ondersteuning van mense van goeie wil van alle rasse het, enige hoop op sukses het nie.

„Ek kan daarvan oortuig wees dat ons basiese benadering juis is, maar as 'n mens van goeie wil aan albei kante nie saamstem met daardie beskouing nie, begeer ons die onmoontlike. En dit kan nooit slaag nie.

„Ons Afrikaners het veels te veel gedink vanuit die standpunt hoe ons onsself kan red. Ons moet 'n nuwe kwaliteit-lewe vôer in ons gesinne, ons kerk, in ons samelewing. Om die wêreld te red, moet die kerk weer die strydende kerk word. Die strydende kerk moet op sy beurt 'n kerk word wat aan die brand is," het dr. Geldenhuys gesê.



*DR. F. E. O'B. GELDENHUYS*

**VERBLIND**

Hy meen dat die ingebore traagheid, selfsug en eiegeregtigheid, veral van die Afrikaners, hul totaal verblind vir wat vandag in die wêreld in die spel is.

„Ons het 'n verantwoordelikheid teenoor ons tydperk wat ons nie kan ontduik nie. Ons moet uit verwarring beweeg na helderheid. Saam kan ons die antwoord bring. Ons moet dit bring en met die hulp van God gaan ons dit bring," aldus dr. Geldenhuys.

— (Meegedeel)